21 Januarie
2024

# Polsslag

Rom. 12: 2



Gereformeerde Kerk Benoni

**Oggenddiens: 09:00**
**Aanddiens: 18:00**


## Adres

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

## Kerkkantoor ure

Maandag – Donderdag:
08:00 – 16:00
Vrydag:
08:00 – 13:00

## Predikante

Dr. Braam Kruger
Ds. Rynhardt Pretorius

## Pastorale berader

Ds. Louis Buys

## Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za


**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

Kom kuier gerus by die kerkkantoor tydens kantoorure en geniet 'n koppie koffie of tee.

# Bid om eerste te wees!

***Deur Stephan Joubert***

**Kolossense 3: 12 – 13**
*"Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Verdra mekaar en, as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar.*

Ben van Tonder is 'n goeie vriend. Hy is 'n predikant in Nederland.

Onlangs het hy 'n aangrypende gebed op Facebook geplaas wat ek graag met sy toestemming deel:



"Here help my om eerste verskoning te vra, al word dit my nie aangebied nie; help my om eerste te vergewe, al ontvang ek geen vergisnis nie; help my om eerste met konflik te stop, al kry dit aan die ander kant geen einde nie; help my om eerste stil te bly en te luister, al is ek die enigste wat dit doen; help my om eerste toe te gee dat ek nie alles weet nie, al doen ek dit alleen... U het my geleer dat laaste beter as eerste is, maar in dié gevalle bid ek om eerste te wees. Amen."

Mag die Here ons regtig help om heel eerste die minste te wees. Mag Hy ons help om eerste goed te doen, eerste uit te reik, eerste om verskoning te vra, stil te bly, en om eerste te bid!

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## Buitedeur kollekte vandag:

**Kerkkas**

## Kollektes 14 Januarie:

**Diakonie**: R 7 614

**Teologiese Studente Hulpfonds**: R 2 037

## Bankbesonderhede kerkkas:

**Bank**: ABSA

**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni

**Tjekrekening**: 220 340 333

**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

## Bankbesonderhede vir kollektes/ donasies vir die diens van barmhartigheid:

**Bank**: ABSA

**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni

**Tjekrekening**: 022 028 0004

**Takkode:** 632005

**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

## Snapscan vir kollektes:

DIENS VAN BARMHARTIGHEID:

Snap here to donate

SnapScan

BY DIE DEURE:

Snap here to pay

SnapScan

# OGGENDDIENS




Die kognitiewe driehoek illustreer hoe gedagtes, emosies en gedrag mekaar beïnvloed. Dus wanneer 'n persoon hul gedagtes verander, sal hulle emosies en gedrag ook verander. Hierdie beïnvloed die mens se hele lewe.

By die Gereformeerde Kerk Benoni is ons visie om God deur voortdurende metamorfose te verheerlik gebaseer op wat die Here leer in Romeine 12:2


"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe"

Aan die kern van gedragsverandering is: Hoe jy dink word gevorm deur wat jy in jou denke toelaat, waarmee jy dit vul en hoe jy dit voed. Ons moet dus opnuut fokus om die ou dinge uit ons gedagtes te verwyder en ons gedagtes vul met wat goed en gesond is. Hierdie is `n voortdurende proses van gesonde voedsel vir jou denke.

As gelowiges voed ons onsself met die Woord van die Here. Ons mikpunt is om so met die Here gevoed te wees dat ons gedrag en emosies deur Hom bepaal word (Ps. 119; Ps. 19: 8vv).




# AANDDIENS




Ken jy so iemand? Of is dit dalk jyself wat sê: "Ek dink nie mens hoef aan die kerk te behoort nie. Ek behoort mos aan die ewige, onsigbare kerk. Die Here sien my hart." Hierdie stemme word ál meer, en soms weet mens nie hoe om te antwoord nie...

Handelinge 2: 47 gee al 'n aanduiding – die Here het daagliks bekeerdes by die kerk bygevoeg... en hier word 'kerk' gebruik en bedoel as gemeente. Hebreërs 10: 25 maak ook duidelik dat jy jou nie moet verwyder van die fisiese byeenkoms van die gelowiges nie.

Hier is 'n paar dinge om aan te dink oor lidmaatskap:

- Dit is 'n openlike assosiasie met Jesus.
- Lidmaatskap is 'n stelling wat jy maak teenoor die wêreld, wat nie *commit* nie.
- Westerlinge is gefokus op die enkeling (*lone wolf*), maar die kerk is 'n kudde, 'n liggaam. Sonder jou is daar 'n gebreklikheid.
- Die gemeente gee jou 'n plek waar jy godsdienstig en geestelike verantwoordbaar gehou word. Ons kyk na mekaar en die kerkraad kyk ook uit vir ons (dit is 'n Bybelse opdrag!).
- Dit help die ouderlinge en diakens – wat op die uitkyk moet wees vir gelowiges wat spesiale sorg nodig het.
- Gee jou plek om te ontvang maar ook om te gee.
- Die gemeente is die plek waar gelowiges toegerus, gemotiveer en geleentheid gegee word om te groei in geestelike volwassenheid.

Op die einde gaan dit nie soseer oor 'n wet of 'n reël nie, maar oor die liefde vir God en die naaste...

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!**

**Vandag 21 Januarie**

Marco Daüth

**22 Januarie**

SJ Jansen van Vuuren #

**23 Januarie**

Peet Duvenage

Helgard Potgieter

**24 Januarie**

Edwin Calitz

Odette Flusk

**26 Januarie**

Anri Hattingh

Tammy Pretorius

Nic Brits *

*Dooplidmaat #*

*≥70 **

*≥80 ***

*≥90 ****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

Liewe Gebedsvriende
Bid saam met ons vir elke dissipelskap-groepie wat weekliks d.m.v. Zoom ontmoet. (Indien daar dames is wat belangstel om by so 'n groepie aan te sluit, kontak asb vir **Nadia** op **082 336 0253**).

*Saam in Sy diens*
*Gerrit & Janine Coetzee*
*die There4-Bedieninge Span*

# RAAK BETROKKE!

## 4D-Kids



4D Kids is vir voorskoolse kinders tot en met Gr.6. Ons hou een keer 'n kwartaal vir die kinders 'n aksie, meestal die Sondag na nagmaal. Ons hou aksie waar hul lekker speel, maar ook van die Here leer, terwyl hul speel.

Aksies wat ons al gehou het, sluit in - "Skattejag in die nag", "Liefde in die bybel", "Tie-dye" aksie ens. Die kinders word ook in ouderdoms groepe verdeel en dieselfde aksie word aangepas per ouderdomsgroep, sodat hul op hul vlak kan leer.



**Raak betrokke**:
Wil jy saam luister en doen as Jesus leer: "Bring die kindertjies na My toe"? Ons volgende aksie is op **18 Februarie** na kerk. Help reël en neem deel aan aksie vol pret, Bybelboodskappe en liefde.
Kontak **Marelize Pretorius** by **076 834 7266**.

DANKBARE DIENENDE DOELGERIGTE DISSIPELS
GEREFORMEERDE KERK BENONI KINDERBEDIENING
4D KIDS
Ons dien die Here in elke dimensie van ons lewens






**Navrae: Joe Duvenage - 084 208 0600**

Terug op publieke aanvraag...
Groter en beter...

## GEMEENTEKAMP 2024

Hou solank die datum oop -
**12 – 14 APRIL 2024.**
Ons is hard besig om te werk aan die detail.
Hou die Polsslag dop vir meer inligting vir 'n opwindende kamp.
Vir enige klagtes, gedagtes of navrae kontak: Joe Duvenage

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# HOU HIERDIE DATUMS DOP

**KATKISASIE OPENING**
21 Januarie

**KERKRAAD BRAAI**
21 Januarie

**BYBELSKOOL OPENING**
22 Januarie 19:00

**PALMS NUWEJAARSFUNKSIE**
24 Januarie 10:00

**VERGADERINGS**

Blok A: 24 Januarie 18:30
Blok B: 31 Januarie 10:00
Blok C: 31 Januarie 18:30




Wil jy nog graag 'n 2024 GKSA Almanak besit?

Bestel en betaal joune voor **28 Januarie.**

Koste beloop **R125.** Bestellings word slegs geneem met betaling.

Kontak Lidia Venter vir meer inligting.

## WERKSGELEENTHEID VIR BETROUBARE MANSPERSOON

- Ouderdom tussen 26 en 50 jaar
- Moet eie vervoer en lisensie hê.
- Moet bereid wees om met mense en liggame te werk.
- Sober gewoontes.
- Verkieslik nie-roker

sonjasmith Elite Funeral Group Since 2006

**Skakel vir Wynandt by Sonja Smith Begrafnisgroep op 072 225 3843 of stuur 'n CV na wynandt@ssfg.co.za**

## KOINONIA

- Aletta Mullenders sterk aan by die huis.
- Marius Yssel het gegaan vir 'n handoperasie wat suksesvol afgeloop het.
- Una Steyn het 'n operasie ondergaan en wag nog vir toetsuitslae.
- Dick Kruger is geskuif na die Morehill *stepdown*.
- Tarina van der Merwe se nekfusie het goed afgeloop. Sy herstel tuis.
- Jaap Bekker gaan komende Dinsdag vir 'n ondersoek by die nierspesialis.
- Babs Marais is baie verswak.
- Baie geluk aan al die 2023 matrieks met julle uitslae! Mag die Here julle seën met julle naskoolse planne.
- Baie geluk Stefan en Melani van Wyk met die geboorte van jul seuntjie Rayden John! Mag hy vir julle nog baie vreugde bring!

## AANDAGAFLEIBAARHEID EN DIE PASTORAAT

**SATERDAG, 17 FEBRUARIE 2024**
**DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI**
**09:00 – 13:00**
**KOFFIE & BESKUIT VANAF 8:30**

**AANGEBIED DEUR**
**PROF. WENTZEL COETZER**






Om aandagafleibaarheid te voorkom en te behandel, moet ideaal benader word op 'n holistiese manier. Die klem moet wees op die fisiese, emosionele, sosiale én geestelike dimensies en nie slegs op medikasie nie.

Prof. Wentzel bespreek verskeie bronne en maak 'n opsomming hiervan met praktiese toepassings vir die begeleiding van persone met aandagafleibaarheid.

Geen vaste koste vir bywoning, maar 'n sagte kollekte sal gehou word om kostes te help dek.
Opsioneel: Handboeke te koop teen R200

RSVP asb. voor of op
**Maandag 12 Februarie 2024**
by Lidia Venter by 076 330 2762 OF
admin@gkbenoni.co.za

**Uitnodigings vir die Palms se nuwejaarsfees op**
**24 JANUARIE**
**is by Donsie beskikbaar.**







**KINDERS – MAAK SEKER JY VAT 'N BLAADJIE OM IN TE VUL TYDENS DIE OGGENDDIENS 😊**

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## HET JY GEHOOR?

**ONS GEMEENTE HET NOU 'N SELFOONNOMMER MET WHATSAPP:**

**063 640 9304**

**Laai asb. hierdie nommer op jou foon (al het jy nie Whatsapp nie) – ons deel graag belangrike inligting deur hierdie nommer.**

**Neem ook vrymoedigheid om hierdie nommer enige tyd te gebruik vir enige navrae.**

Indien jy/ een van jou gesinslede nog nie op die Polsslag Whatsapp groep is nie, stuur asb. 'n boodskap vir **LIDIA VENTER** by **076 330 2762** OF by die nuwe kerk Whatsapp nommer.

Ons laai jou graag op hierdie groep.

# Leer ken jou mede-lidmate

## KEES & HINKE NOREL

Terug in 1982, kom daar op 'n oggend 'n jong egpaar by Gereformeerde Kerk Benoni-Noord kuier, waar hulle met ope arms ontvang is. Toe ons weer ons oë uitvee, het ons huisbesoek ontvang, en die volgende Sondag is ons lede van die gemeente.

Dis dan ook in hierdie gemeente dat ons kinders Marieke en Hans groot geword het en belydenis gedoen het. Vandag is altwee gelukkig getroud en is ons bevoorregte Oupa en Ouma vir twee kleinkinders hier in Farrarmere en twee in Sydney, Australië.

Voor ons troue het Hinke in die biblioteek by RAU (tans UJ) en later in Benoni gewerk, maar uiteindelik die keuse gemaak om vir ons kinders tuis te bly. Sy was baie jare aktief betrokke by die susters en die diakonie asook met besoeke aan senior lidmate.

Kees het in die ingenieurs rigting gewerk, en was al die jare betrokke in verskillende fasette van een van SA se grootste pompvervaardigers. Tussendeur, het hy af en aan baie jare op die kerkraad gedien, beide as diaken en as ouderling.

Oor die jare het die Here ons ryklik geseën. As jong lidmate, het ons vir 'n rukkie 'n jeuggroep gelei, waarvan daar tot vandag nog lidmate in die gemeente is. Verder was ons ook betrokke by die Actonville gemeente en met katkisasie ens.

Ons dank aan die Here vir die voorreg om na 42 jaar steeds deel van hierdie gemeente te mag wees.



## "CHEESE"

### Maak gereed – ons gaan jou afneem!

Ons beoog om eenvormige foto's van al die gemeentelede te neem. Dit sal op Sondae voor en/ of na die erediens plaasvind.

Die foto's sal gebruik word in die opdatering van ons gemeente se databasis en op Sondae gebruik word op die skerm vir Koinonia en verjaarsdae.



*Indien jy beswaar het teen die gebruik van jou foto, kontak asb. vir Lidia Venter by die kerkkantoor.*

Die jaarlikse Sustersaamtrek vind hierdie jaar op **9 MAART 2024** te **Gereformeerde Kerk Kemptonpark plaas**.

Koste beloop **R170 per persoon**

**Spreker**: Hannes Noëth
**Gaskunstenaar**: Ronèll Erasmus

Meer inligting in die voorportaal teen die aansteekbord en by Lidia Venter by die kerkkantoor.




*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*